

Hoofstuk van die dag: Job 32

> *Maar dit is die gees in die mens wat die mens insig gee, die gees wat van die Almagtige af kom. (vers 8)*

Ná die heel eerste “sinode” van die vroeë kerk maak die vergadering hulle besluit bekend deur te sê: “Die Heilige Gees en ons het besluit …” (Hand 15:28). Dié uitspraak het sedertdien ’n groot geskilpunt in die kerk geword, want menige

sinode het al daarop aanspraak gemaak dat hulle besluite onder leiding van die Heilige Gees geneem is, terwyl dit nie altyd die geval is nie. En wanneer ’n sinode of persoon beweer dat ’n besluit onder die Gees se leiding geneem is, wie durf dan daarteen stry? Dan stry jy mos teen die Gees!
Iets hiervan is ook waar van Elihu se argument – sý insigte kom direk van die Almagtige af (vers 8). Pasop as jy van hom verskil! Die Bybellennium sê hieroor: “Job het God om ’n hofsaak gevra (hfst 31) en toe kry hy skielik een, met ’n klein godjie as regter.”
Hoewel Elihu se woorde aanvanklik minder veroordelend klink as dié van die ander drie, lewer hy ook geen wesenlike bydrae nie, soos ons later sal sien. Pred 7:16 (OAV) sê tereg: “Wees nie alte regverdig en hou jou nie buitengewoon wys nie …”

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026